Helderstem

Sondagaankondigings en Nuusblad vir Helderberg Gemeente 18 Februarie 2018 Jr. 7 Nr. 6
www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Ons God met die bloeiende hart

Lydenstyd

Philip Yancey het 20 jaar gelede 'n boek geskryf wat een van die sentrale temas van die Bybel, die genade van God, op die tafel gesit het op 'n manier wat die moderne mens se hart raak. Die bekendste aanhaling uit die boek is, "There is nothing we can do to make God love us more. There is nothing we can do to make God love us less."

Ons wil vanjaar in lydenstyd op hierdie belangrike tema fokus. Aan die kruis het God se genade en liefde vir 'n verlore wêreld helderder as ooit sigbaar geword. Die manier waarop God daar geopenbaar word, leer ons om die hele Bybel te lees met 'n nuwe sensitiwiteit vir wie God is.

Die kruis gee ons 'n bril waarmee ons kan kyk na ons eie lewens en tot ander gevolgtrekkings kan kom. Dit gee ons ook 'n bril waarmee ons na die wêreld om ons kan kyk en anders kan begin leef.

Ons spring vandag weg met die tema "GENADE(loos) uit Hand 6:1-7". Een van die eerste gevolge van die Here Jesus se groot offer was die ontstaan van 'n gemeenskap van mense wat met sy genade teenoor mekaar begin optree het. Mag Helderberg bekend wees as só 'n gemeenskap.

Hierdie Sondag steek ons die eerste kers van lydenstyd aan.

Sondag 18 Februarie

GENADE(loos)
Hand 6:1-7

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:00 Klassiek	Danie O'Kennedy
09:30 Meditatief	Breda Ludik
09:30 Informeel	Lizette Louw en Paul Barnard
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Danie O'Kennedy
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Familiebediening
19:00 Aandkerk	Danie O'Kennedy

Deurkollekte: Merweville Skoolprojek

Bid saam met ons vir die volgende:

Mia Cara Ferreira - (6 jr) leukemia - behandeling in VSA
Sonja Kruger - gewas
Rehanna Nolte - beenkanker
Johannes Esterhuizen (jnr) - leukemia
Daniel Benade - hartklep operasie
Annalise Wiid - herstel na operasie
Elby Meyer - kanker
Andrew King - gehospitaliseer
Greta Bester - herstel na operasie
Helene Swart - kanker

Elke dag tydens lydenstyd is daar 'n dagstukkie op die webblad (www.nghelder.co.za) en ook op Facebook (Helderberg Gemeente).

WiFi

Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - b@wUxup7

Sondag 25 Februarie

Dankie tog, God is onregverdig
Lukas 14:15-24

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:00 Klassiek	Hannes Theron
09:30 Meditatief	Breda Ludik
09:30 Informeel	Lizette Louw en Paul Barnard
09:30 Jeugaktiwiteite	
09:00 Hoop Geloofsgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Hannes Theron
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Lizette Louw

Wat gebeur die week:

Maandag 19 Februarie
18:00 Uitreikbestuur - Uitreikkantoor

Dinsdag 20 Februarie
06:00 Gesels en bid vir ons land - Tent
17:30 Eredienswerkgroep - Kapel
19:00 Omgeeleiers en wyksverteenwoordigers - Korinte

Woensdag 21 Februarie
19:00 Doopgesprek

Donderdag 22 Februarie
08:45 Bybelstudie
17:30 DC, S&P, DC4K en GS
18:45 Kantory oefen

Belydenis van geloof



Persone wat graag hul lewende verhouding met Jesus Christus voor God en die gemeente wil bely word uitgenooi om dit by een van die volgende geleenthede te doen:

Belydenisaflegging Sondag	Woensdag-gesprek om 19:00
11 Maart	7 Maart
20 Mei	16 Mei
12 Augustus	8 Augustus
28 Oktober	24 Oktober

Belydenisaflegging bestaan uit twee geleenthede:

- 'n Intieme geleentheid in die Kapel waar die jongmense, hul ouers en/of familie saam nagmaal gebruik. Dié geleentheid vind plaas die Woensdag om 19:00 voor die Belydenissondag en
- die openbare belydenis van geloof in een van die eredienste.

Belydenisvorm kan op die gemeente se webblad afgelaai word, is beskikbaar by die kerkkantoor of die Tienerkerk.

Navrae kan gerig word aan Annette Botha by 021-851 5582 of fbadmin@nghelder.co.za

Kinder-sanggroep in klassieke diens

Ons wil graag meer van ons kinders in die kassieke diens beleef en vier.

Hoe dan nou beter as met 'n kinder -sanggroepie?

Indien daar dus 'n klein sangertjie in julle gesin is wat graag sy/haar sangtalent in die klassieke diens wil deel, kontak asseblief vir Yolanda Botha by yolabotha@gmail.com vir meer besonderhede.

Kinders van alle ouderdomme en vermoë is welkom.

Merweville Skoolprojek

Die Merweville Skoolprojek bring 'n bietjie genade in die genadelose wêreld van die kinders van Merweville.

In Merweville, meer spesifiek Die Skema, is drank en dwelmmisbruik aan die orde van die dag. Die kinders is kwesbaar en het nie eens 'n veilige tuiste by hulle eie huise nie. Wanneer *All-Pay* aanbreek is die kinders angsbevange en bespreek hulle onder mekaar waar en by wie se huise hulle die nag gaan wegkruip. Hulle ouers is baie keer onder die invloed van drank of dwelms en die kinders ly daaronder. Hulle kruip onder beddens weg met die hoop om nie gevang of geslaan te word nie.

Ons by die Merweville Skoolprojek probeer om nie net vir hulle van skryf-behoeftes te voorsien nie, maar om ook God se liefde en genade op 'n praktiese wyse aan hulle te bring. Een jaar ‘n *movie*-aand met springmielies. Verlede jaar ‘n *fun run*. En *fun* was dit beslis. Ons moes eers toestemming vir die pretloop by Beaufort-Wes se munisipaliteit kry. Hulle het vir ons ‘n polisie voertuig gestuur om heelpad saam met die kinders te ry.

Ons het twee watertafels gehad met ysies en koekies aan weerskante van die dorp. Mense uit die gemeenskap het die tafels help beman. Kinders van graad 4 tot graad 9 kon deelneem. En daar was pryse vir die wenners, vir die eerste drie seuns en eerste drie dogters. Wol en breipenne, want die kinders brei nou so graag, selfs die seuns.

Ons kan dit vandag vier dat die Here dit op ons harte gelê het om in Merweville 'n verskil te gaan maak.

Helderberg UITREIK

Voorbidding: Veiligheid van die klein kindertjies.
Ouers om meer verantwoordelik te wees.
Voorsiening in hulpbronne en skryfbehoeftes vir die jaar.

Projekleier is **Lizanne van Zyl** by lizannevanzyl68@gmail.com

Kom saam

Besoek aan Straatwerk word beplan vir Vrydagaand, 9 Maart 2018.
Saam met die personeel van Straatwerk, word uitgereik na vrouens wat in mensehandel vasgevang is en gedwing word om op straat te 'werk'.
Ons ry saam met die Helderberg-bussie.

Belangstellendes kontak asseblief vir
Isabel Vroon by 072 374 6776 of bella.vroon@gmail.com

Projek vir Gestremdes soek hulp

Is daar dalk iemand in die gemeente met 'n paar sterk hande, 'n goeie verstand en 'n hart vir mense met gestremdhede? Ons het jou hulp dringend nodig. Die Jonathan Huis vir volwasse gestremdes in Van der Stel het 'n reënwatertenk geskenk gekry - maar dit beteken nie veel as dit onder die boom staan nie.
Kontak my asb as jy kan help met die installasie van die tenk.
Annatjie van Niekerk 073 1916277

In stem: Helderberg Cantare

Helderberg Cantare is ‘n splinternuwe, ekumeniese koor in die Helderberg-omgewing wat kulturele diversiteit vier en hulle daarvoor beywer om geestelike- en ligte klassieke musiek te bevorder.

Die koor is ‘n gemeenskapsinisiatief en sal optree in-en-om Somerset-Wes/ Strand by o.a. kerke, konserte en feeste. Die koordirigent, Yolanda Botha, is die musiekdirekteur van Klassieke Klanke (wat jaarliks konserte hou by Helderberg), asook ‘n deeltydse musiekdosent aan die Stellenbosch Universiteit.

Die koor oefen Maandagaande vanaf 19:30 – 21:00 (gedurende skoolkwartale) by die Gereformeerde Kerk in Altenastraat, oorkant die Strand Polisiestasie. Helderberg Cantare sal graag hulle ledetalle wil uitbrei en nooi graag belangstellendes van alle ouderdomme wat wil deel in die genot van saam musiekmaak om die dirigent, Yolanda Botha (helderbergconcerts@gmail.com) of die voorsitter, Theo Mastenbroek (082 899 6742) te kontak. Helderberg Cantare is verder ook op soek na ‘n bekwame, entoesiastiese begeleier met uitvoerende ervaring om die koor by te staan.

Kom sing saam

Ou bekendes uit die Halleluja-boekie gaan gesing word op 4 Maart 2018 om 15:00 in die Kapel.

Liefdesoffers gaan opgeneem word ten bate van ACVV Huis D
Huysteen in Carnarvon om vir hul behoeftige
senior burgers doeke aan te koop. Hulle het enige nagklere, h
bloese ook nodig.

Jeremia 7:6 - ...julle moenie vreemdelinge, weeskinders en weduwees laat swaarkry nie….

Korttermynuitreik na Thailand

'n Korttermynuitreik word beplan vir 27 Junie tot 11 Julie 2018 op uitnodiging van André en Marina Olivier van die Frontida-bediening in Kanthararom, Thailand. Die uitreik sal hoofsaaklik op kinderevangelisasie fokus. Lede is vir hulle eie kostes verantwoordelik.

Belangstellendes kan asb vir Louise Theron kontak by 021 851 5582 of louise@nghelder.co.za

Dawie Rossouw sing ten bate van die Indië-uitreik

Die Indië-uitreikkonsert vind plaas by NG Kerk Somerset-Wes, Andries Pretoriusstraat op 25 Februarie om 16:30. 'n Donasie van R50 pp is betaalbaar. Kaartjies te koop by Somerset-Wes Moedergemeente se kerkkantoor

Daar sal ook van sy CD's met die titel "Seasons of my Heart" te koop wees. Kom ondersteun asb hierdie wonderlike inisiatief vir die Indië-uitreik (Chris Miles).

Raak egskeiding, enkelouerskap of dood van 'n geliefde jou gesin?

Harmony projek bied Donderdagaand om 17:30 in die Tent kursusse aan in **GriefShare, Single&Parenting, DivorceCare en DC4Kids.** Die inter-kerklike programme is gegrond op Bybelse waardes wat volwassenes en kinders toerus en ondersteun wat geraak word deur die veranderinge in die familiestruktuur.

Gaan na **http://www.churchinitiative.org/** om meer te lees hieroor.

Ons eet vanaf 17:30 lekker saam in die Tent en dan begin die onderskeie programme van 18:00 - 20:00. Kom word gerus deel van ons "familie" - enigeen is welkom, ook nie-lidmate. Dit is mense wat verstaan waardeur jy gaan en jou kan ondersteun.

Navrae: harmonyhelderberg@gmail.com
of kontak Annette Botha by 072 189 9360

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 19:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 13:00

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A.
ABSA Helderberg Tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021 851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
berading@nghelder.co.za

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Versorgingsfonds, ons is dankbaar vir ondersteuning

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun.
Dankie vir getroue bydraes.

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*